

**29 November**

**Waar gelowiges saam is, is daar liefde!**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 3:14-21**

In 1 Korintiërs 11:1 lees ons hoe Paulus vir ons as gelowiges 'n baie belangrike opdrag gee: "Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg." Dus kan ons nie anders as om sy voorbeeld van Efesiërs 3:14-21 te volg nie.

Paulus bid vir al die gelowiges! Hy bid vir krag van die Heilige Gees, dat ons met mekaar in liefde sal saamwoon, die liefde wat ons van Christus Jesus ontvang het. As ons die liefde het, sal ons besef "hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek" (Ef 3:18).

As ons as gelowiges dan in liefde moet saamleef, hoekom doen gelowiges dit nie en gaan dit in sommige gemeentes soos dit gaan op die oomblik? Met al die gestry en baklei skuif ons as 't ware Christus opsy om die kerk op ons manier te kan beheer! 'n Menslike manier! Geen liefde vir ander gelowiges wat dit durf waag om 'n ander siening as ons te hê, hetsy dié in ons eie gemeente of dié van ander kerkverbande.

Mense verskil, dus sal daar altyd verskillende kerkverbande wees, solank dit net Skrifgetrou is, wie is ons om te kan oordeel oor ander se doen en late? Ons is almal vol sonde! En deur LIEFDE het Christus ons kom verlos! Wat 'n voorbeeld!

Staan saam in die kerk! Wees eensgesind, bewys liefde vir mekaar, belangriker nog bid vir mekaar – elke dag, elke gebed! So sal ons ook die liefde van Christus kan uitstraal en vervul kan word met die volheid van God! So sal ons ligte in 'n duister wêreld kan wees en almal sal kan sien hoe sy krag in ons werk: "'n Krag wat magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink" (Ef 3:20).

*Sing: Skrifberyming 15-1:1-4*

*Teologiese Student Pieter Vogel*